*Acta Academica 31(2): 185-202*

*Lucinda Cedras & Isak van der Merwe*

# Landelik-stedelike interaksie en plaaslike owerheidsbestuur in die Stellenbosch-distrik

## Opsomming

Die onderskeid tussen landelike en stedelike gebiede in vele wêrelddele is besig om te vervaag weens die toenemende interaksie tussen die twee groepe gemeenskappe. Dit is veral die aard, omvang en vlak van integrering tussen dorpe en hul omringende landelike gebiede wat definitiewe implikasies vir toekomstige plaaslike bestuur van die gebiede het. Hierdie artikel lewer verslag oor die mate van landelik-stedelike interaksie en konvergering in die landdrosdistrik van Stellenbosch. Aspekte wat ondersoek is, sluit in demografiese kenmerke, opvoedkundige kenmerke en ekonomiese aktiwiteite. Dit is duidelik dat daar reeds betekenisvolle konvergering tussen die dorp en die omringende landelike gebied plaasgevind het. Die geografiese eenheid van die distrik en die gepaardgaande interaksie tussen landelike en stedelike gebiede regverdig wel verdere ondersoek met die oog op moontlike inlywing van die landelike gebied by die dorp.

## The implications of rural-urban interaction for local government in the Stellenbosch district

The distinction between rural and urban areas in various parts of the world is fading because of increasing interaction between the two groups of communities. It is particularly the nature and magnitude of the levels of integration between towns and their surrounding rural areas that holds definitive implications for future local government in the areas. This paper reports the results of the degree of rural-urban interaction and convergence in the magisterial district of Stellenbosch. Aspects examined include demographic characteristics, educational characteristics and economic activities. It is evident that significant convergence between the town and surrounding rural areas has already occurred. The geographical unit of the district together with the interaction between the rural and urban areas justifies further research with regard to possible incorporation of the rural areas into the town.

*Mev L D Cedras, Provinsiale Administrasie Weskaap, Privaatsak X9083, Kaapstad 8000 & Prof I J van der Merwe, Dekaan, Fakulteit Lettere & Wysbegeerte, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland 7602; ijvdm@maties.sun.ac.za*

Interaksie tussen landelike en stedelike nedersettings vind plaas deur sosiale, ekonomiese en administratiewe uitruiling binne die nedersettingshiërargie (Unwin 1989). Weens toenemende landelik-stedelike interaksie is oorvleueling en konvergering in die funksionering en strukturele patrone van die twee entiteite waarneembaar (Wang 1997). Mense, goedere en informasie beweeg deur die 'global village' se netwerke (Van der Merwe 1996), wat sosiale en ekonomiese integrering teweeg bring. Weens die dramatiese uitbreidings aan massamedia in landelike gebiede vertoon die leefwyse, waardes, aspirasies en sosiale gedrag van die plattelander al hoe meer ooreenkomste met dié van die stedeling (vgl Unwin 1989; Potts 1995; United Nations 1996).

Die invloed van die landelike pendelaar se kruideniersinkope en ontspanningsuitstappies in die stad is instrumenteel om sosiale en ekonomiese bande tussen landelik en stedelik te versterk (Cawley 1980; Daniel & Hopkinson 1989). Volgens Hornby & Jones (1991) het landelik-stedelike migrasie in veral ontwikkelende lande soos Latyns-Amerika, Asië en Afrika 'n groot impak op landelik-stedelike interaksie. Dit is veral migrante met verskillende stedelike ondervindings en verwagtinge wat periodiek terugkeer na die platteland, en eienskappe eie aan stedelinge aan plattelanders oordra. Dit gebeur soms dat die landelike migrant nie in die stad werk kry nie en dan steun op landelike vaardighede deur voedsel of gewasse as 'n oorlewingstrategie te kweek (Hataya 1992). Die migrant se geldelike steun aan sy landelike families vorm ook 'n patroon van skakeling, verpligting en vrywillige onderlinge hulp wat die skakels nie net tussen families en gemeenskapslede versterk nie, maar ook tussen gemeenskappe op verskillende plekke op die landelik-stedelike kontinuum (United Nations 1996). Landelik-stedelike migrasie het dus intensivering van landelik-stedelike interaksie en 'n verdoffing in die onderskeid tussen landelike en stedelike inwoners meegebring (RSA 1995). In sommige gevalle het dit meegebring dat die inkomstegaping tussen landelike en stedelike gemeenskappe vernou het (Jamal & Weeks 1988; Potts 1995).

Rakodi (1991), Dewar (1994) en CDE (1996) is dit eens dat die groei van klein dorpe belangrik is ten einde geïntegreerde ontwikkeling te bevorder. Die klein dorpe beskik heel dikwels oor

fasiliteite en infrastruktuur wat onderbenut word, lewer dienste, goedere en voorsien markte vir die landelike gebied. In Suid-Afrika beplan die regering om in die toekoms meer uiteenlopende kommersiële en dienstesektore in die landelike gebiede te hê, met groter integrasie tussen dorpe en die platteland. Met die oprigting van periodieke markte word voorsien om veral op markdae die dorp op 'n doeltreffende en ekonomiese manier na die platteland te bring (RSA 1995).

Die verdoffing van die landelik-stedelike onderskeid bevraagteken die konvensionele literatuur wat tradisioneel landelike en stedelike omgewings as aparte entiteite, met onderskeidende sosiale en ekonomiese kenmerke, uitgebeeld het (Wang 1997: 229). Vandag het sommige nedersettings beide landelike en stedelike kenmerke (RSA 1995) en is dit problematies om die gemeenskappe volgens tradisionele kriteria te definieer. Newman & Applebaum (1989) verwys na hierdie gemeenskappe as "rurban", en noem dat dit 'n algemene verskynsel van die hedendaagse veranderende nedersettingsruimte is. Die voorkoms van hierdie "rurban"-nedersettings kan geïnterpreteer word as alreeds 'n verwesenliking van Doxiadis se voorspelling van die universele wêreldstad, *Ekumenopolis*, waarin alle stedelike nedersettings in die toekoms tot een massiewe globale sisteem van nedersettings sal verenig (Potter & Unwin 1995). Nie alleen sal landelike en stedelike komponente geïntegreerd wees nie, maar dit sal ook konvergering van kontinente meebring. Tans hou die verskyning van "rurban"-nedersettings egter 'n konseptuele probleem van definisie sowel as 'n praktiese probleem vir beplanning en ontwikkeling in.

Een van die sleutelaspekte van landelik-stedelike funksionering lê daarin om die wedersydse isolasie van die stad en die platteland as subsisteme van die samelewing te oorkom. Deur die interaksie tussen stedelik en landelik en in sommige gevalle hul strukturele samestelling te stimuleer kan 'n nuwe geïntegreerde eenheid bereik word met die sosio-ekonomiese integrasie van die dorp en sy omringende platteland (Zhikharevich 1991). Dit laat die vraag ontstaan of sommige landelike en stedelike gebiede wat as 'n geïntegreerde eenheid funksioneer, nie geïntegreerd bestuur moet word nie.

## 1. Bestuur van landelike en stedelike gebiede: konvergensie of divergensie?

Die sterk simbiose tussen dorpe en landelike gebiede (Karunanyake 1990) en die tendens om landelike en stedelike bestuur te integreer, het 'n belangrike krag in die territoriale organisasie van gemeenskappe geword. In Engeland is landelike eenhede by dorpe se grense ingesluit indien eersgenoemde swak en gefragmenteerd was en nie dienste gelykstaande aan dié van die stedelike munisipaliteite kon voorsien nie. Die herorganisasie het gewoonlik 'n meer uniforme sisteem van plaaslike regering meegebring waarin dienste meer effektief gelewer word ten koste van direkte verteenwoordiging op landelike bestuursrade. In gevalle waar landelik-stedelike integrasie teengestaan word weens vrese vir hoër belasting, is amalgamasie moontlik gemaak deur drie aparte belastingsdistrikte vir stedelike, landelike en industriële gebiede daar te stel (Razin & Hasson 1994). Een van die argumente teen amalgamasie van landelike en stedelike owerhede is dat dit kunsmatige eenhede skep deur verskillende en uiteenlopende gemeenskappe te verenig. By oorweging van integrasie van landelike en stedelike plaaslike regering, is dit dus belangrik om na die geografiese sowel as die funksionele eenheid van sodanige streke te kyk.

Plaaslike owerheidsbestuur in Suid-Afrika was in die verlede sterk etnies en ruimtelik gestruktureerd tussen landelike en stedelike, maar ook binne stedelike gebiede. Apartheid-geïnspireerde, gefragmenteerde bestuurstelsels het waarskynlik bygedra tot ondoeltreffende administratiewe organisasie en disfunksionaliteite op plaaslike owerheidsvlak. Begrotings het veral landelike owerhede gekortwiek om gemeenskapsdienste en infrastruktuur effektief te voorsien. Daarom verkeer baie landelike gemeenskappe in agtergeblewe en onderontwikkelde omstandighede. In die post-apartheid Suid-Afrika is ruimtelike en etniese herstrukturering van owerheidstrukture nodig om agterstande uit te wis en dienste aan gemeenskappe volgens hulle basiese behoeftes te lewer. Met die huidige herstrukturering van plaaslike regering in Suid-Afrika is daar opnuut 'n behoefte aan alternatiewe bestuursmodelle wat geïntegreerde ontwikkeling en bestuur rig. Die behoefte aan optimale benutting van personeel, infrastruktuur, effektiewe

dienslewering en volgehoue ontwikkeling van gemeenskappe regverdig inligting oor die aard en omvang van behoeftes en gedragspatrone in dorpe en hul omringende plattelandse bevolking. Vir landelike en stedelike gebiede om 'n bestuurseenheid te wees moet dit egter ook in die praktyk bewys lewer dat dit as 'n geïntegreerde eenheid funksioneer.


Die struktuur van die landelike en stedelike komponente van Stellenbosch-landdrosdistrik bied 'n gunstige en verteenwoordigende omgewing om hierdie wisselwerking vir breër toepassing te toets. In die lig hiervan is die Stellenbosch-distrik ontleed ten einde die mate van landelik-stedelike interaksie en moontlike konvergering op drie vlakke te ondersoek:

- demografiese kenmerke
- opvoedkundige kenmerke
- ekonomiese aktiwiteite.

## 2. Metodologie

Stellenbosch en die omringende landelike gebied is as studiegebied geïdentifiseer waarbinne landelik-stedelike interaksie en skakeling ondersoek is. Die dorpsgebied van Stellenbosch asook die satellietdorpe Jamestown, Johannesdal, Kylemore en Klapmuts word deur die Oorgangsraad bestuur en is op grond van dié administratiewe kriteria as stedelike gebied afgebaken (Figuur 1). Die satellietdorpe is vroeër by Stellenbosch se regsgebied op grond van geografiese, kommersiële, ekonomiese en historiese oorwegings ingelyf. Die res van die gebied binne die landdrosdistriksgrens wat buite die Oorgangsraad se regsgebied geleë is, is as landelike gebied gedefinieer. Die landelike gebied bestaan uit enkele gehuggies en 'n groot aantal plase waar hoofsaaklik primêre landbou-aktiwiteite beoefen word. Voortaan sal na die studiegebied (Figuur 1) as die Stellenbosch-distrik, wat beide die landelike en stedelike gebiede omsluit, verwys word.

Ten einde landelike en stedelike bevolkingsprofiele saam te stel is statistiese verwerkings van die 1991-bevolkingsensusdata met behulp van die Statistical Analysis Package gedoen. 'n Sosio-ekonomiese vraelysopname is in Mei 1995 in die landelike gebied


N
paaie
landdrosdistriksgrens
stedelike regsgebied
landelike regsgebied
Malmesbury
.Wellington
Paarl
Stellenbosch distrik
.Somerset Wes
Kaapstad
Klapmuts
Johannesdal
Kylemore
Stellenbosch
Jamestown
1 0 1 2 3 4 Km

Figuur 1

van die distrik onderneem. Inligting uit bogenoemde vraelysopname is gebruik om opvoedkundige patrone en diensbenutting in die landelike gebied te verklaar. Gestruktureerde onderhoude is ook gevoer met verteenwoordigers van die drie grootste supermarkte in Stellenbosch-dorp, naamlik Shoprite-Checkers, OK-Bazaars en Pick-'n-Pay. Inligting oor die inkooppatrone van die landelike inwoners is sodoende verkry.

## 3. Landelike en stedelike bevolkingsprofiele

Indien daar beduidende ooreenkomste tussen die landelike en stedelike bevolking in die distrik is, sal die eendersheid van die twee gemeenskappe uitgelig word. Landelik-stedelike konvergering sal ook hiermee bevestig word. As daar groot verskille in die struktuur van die twee gemeenskappe is, beteken dit dat landelik-stedelike konvergensie nog nie plaasgevind het nie en dat daar nog steeds beduidende divergensie en differensiasie tussen die twee groepe is. Om vas te stel hoedanige ooreenkomste of verskille tussen die landelike en stedelike bevolking bestaan, is 'n sosiale profiel (Tabel 1) van die twee gebiede saamgestel. Hieruit blyk insiggewende waarnemings.

Tabel 1: Sosiale profiel van die Stellenbosch-distrik

| Veranderlike | Landelik | Stedelik | Totaal |
|---|---|---|---|
| Totale bevolking | 19 951 | 53 888 | 73 839 |
| **Etnisisteit (%)** | | | |
| Blank | 15,3 | 41,3 | 34,3 |
| Kleurling & Asiër | 73,2 | 46,1 | 53,4 |
| Swart | 11,5 | 12,6 | 12,3 |
| **Geslag (%)** | | | |
| Manlik | 53,3 | 49,8 | 50,8 |
| Vroulik | 46,7 | 50,2 | 49,2 |
| **Huistaal (%)** | | | |
| Afrikaans | 83,5 | 78,6 | 79,9 |
| Engels | 5,4 | 7,2 | 6,7 |
| Xhosa | 8,9 | 12,1 | 11,3 |
| Ander tale | 2,2 | 2,1 | 2,1 |

| Veranderlike | Landelik | Stedelik | Totaal |
|---|---|---|---|
| **Ouderdom (%)** | | | |
| 0-15 jaar | 31,3 | 21,5 | 24,2 |
| 16-30 jaar | 32,1 | 42,1 | 39,4 |
| 31-45 jaar | 21,2 | 17,7 | 18,6 |
| 46-65 jaar | 12,9 | 14,3 | 13,9 |
| > 65 jaar | 2,5 | 4,4 | 3,5 |
| **Huwelikstatus (%)** | | | |
| Nooit getroud nie | 57,5 | 61,4 | 60,3 |
| Getroud | 30,0 | 31,7 | 31,3 |
| Leef saam | 9,9 | 1,0 | 3,4 |
| Enkelouer | 2,7 | 5,9 | 5,0 |
| **Kerkverband (%)** | | | |
| Protestant | 43,2 | 51,0 | 49,9 |
| Rooms-Katoliek | 1,8 | 2,6 | 2,4 |
| Pinkster | 15,7 | 11,1 | 12,4 |
| Swart Onafhanklik | 3,0 | 1,6 | 1,9 |
| Nie-Christen | 0,6 | 1,3 | 1,1 |
| Geen/Beswaar | 35,7 | 32,4 | 33,3 |
| **Duur van verblyf (%)** | | | |
| < 1 jaar | 21,7 | 20,4 | 20,7 |
| 1-3 jaar | 25,1 | 23,9 | 24,3 |
| 4-9 jaar | 25,3 | 21,9 | 22,8 |
| 10 jaar en meer | 27,2 | 33,3 | 31,6 |
| Ongespesifiseerd | 0,7 | 0,5 | 0,6 |
| **Onderwyspeil (%)** | 29,7 | 13,7 | 18,0 |
| Geen/ongespesifieseerd | 42,8 | 23,9 | 29,1 |
| Primêr | 23,0 | 49,7 | 42,4 |
| Sekondêr | 4,5 | 12,7 | 10,5 |
| Tersiêr | | | |
| **Geletterdheid (%)** | 63,9 | 80,1 | 75,7 |
| Afrikaans | 26,4 | 64,0 | 53,8 |
| Engels | 8,0 | 10,9 | 10,2 |
| Swart taal | | | |
| **Beroep (%)** | 47,2 | 57,3 | 54,6 |
| Nie ekonomies aktief nie | 4,3 | 20,1 | 15,2 |
| Werkloos | 3,8 | 16,4 | 12,5 |
| Professioneel/Tegnies | 1,6 | 3,5 | 2,9 |
| Bestuur/Administrasie | 3,8 | 16,7 | 12,7 |
| Klerklik/Verkope | 1,1 | 3,4 | 2,7 |
| Vervoer/Kommunikasie | 9,4 | 13,3 | 12,1 |
| Dienste | 61,1 | 2,0 | 20,5 |
| Landbou/Bosbou | 1,6 | 5,9 | 4,6 |
| Produksie/Mynbou | 13,2 | 18,6 | 16,8 |
| Ambagte | | | |

| Veranderlike | Landelik | Stedelik | Totaal |
|---|---|---|---|
| **Ekonomiese sektor (%)** | | | |
| Nie ekonomies aktief | 47,2 | 57,3 | 54,6 |
| Werkloos | 4,8 | 17,6 | 13,6 |
| Landbou/Bosbou | 65,4 | 3,2 | 22,7 |
| Mynwese | 0,1 | 0,1 | 0,1 |
| Fabriekswese | 5,1 | 17,3 | 13,5 |
| Elektrisiteit/Water | 0,1 | 0,2 | 0,2 |
| Konstruksie | 1,8 | 5,5 | 4,3 |
| Handel | 4,4 | 13,3 | 10,5 |
| Vervoer/Kommunikasie | 2,7 | 2,2 | 2,3 |
| Finansieël | 1,5 | 6,2 | 4,7 |
| Gemeenskapsdienste | 14,1 | 34,4 | 28,1 |
| **Huidige werkstatus (%)** | | | |
| Werkgewer | 5,3 | 7,1 | 6,5 |
| Werknemer | 94,7 | 92,9 | 93,5 |
| **Aard van werkgewer (%)** | | | |
| Openbare owerhede | 10,3 | 32,2 | 24,5 |
| Private ondernemings | 89,7 | 67,8 | 75,5 |
| **Jaarlikse Inkomste (%)** | | | |
| Geen | 46,1 | 52,1 | 50,5 |
| R1 - R4 999 | 60,1 | 31,3 | 39,8 |
| R5 000 - R19 000 | 25,8 | 41,1 | 36,8 |
| R20 000 - R49 999 | 5,6 | 16,3 | 13,1 |
| R50 000 - R99 999 | 2,7 | 6,7 | 5,7 |
| R100 000 en meer | 1,5 | 2,3 | 2,0 |
| Ongespesifiseerd | 4,3 | 2,3 | 2,6 |

## 3.1 Demografiese kenmerke

Die Kleurling- en Asiër-bevolkingsgroep het 'n sterk landelike basis (73,2%) en die Blanke bevolking 'n sterker stedelike neiging (41,3%). Die geslagsverdeling van die landelike en stedelike bevolking is proporsioneel min of meer dieselfde met 'n bietjie meer mans as vroue in die landelike gebied.

Ongeveer 63,6% van die totale inwoners is 30 jaar en jonger. 'n Groter natuurlike bevolkingsaanwas, veral onder plaaswerkers, dra waarskynlik by tot die groter getal kinders in die landelike gebied. Die meeste stedelinge is tussen die ouderdomme 16 en 30 jaar. Oor die algemeen is die afgetredenes/bejaardes in die totaal min (3,9%) en kan die distrik se bevolking as redelik jonk beskryf word. Die grootste deel van die distrik se bevolking (60,3%) is ongetroud. Dit stem ooreen met die distrik se totale ouderdomstruktuur. Minder

landelike as stedelike inwoners is enkelouers wat óf geskei óf weduwee/wewenaar is. Die lae enkelouer syfer en redelike persentasie (31,3%) getroude bevolking in die distrik dui op 'n hoë mate van gesinstabiliteit. Dit is verrassend dat meer landelike as stedelike inwoners saam leef, aangesien eersgenoemde groep gewoonlik met tradisionele waardes geassosieer word.

Dit is opvallend dat die distrik in totaal 'n hoofsaaklik Afrikaanssprekende bevolking het. Daar is ook hoë persentasies Afrikaanssprekendes in beide die landelike (83,5%) en stedelike (78,6%) gebied. Engels as huistaal is in die minderheid met 'n bietjie meer stedelinge as plattelanders wat in hierdie kategorie val. Oor die algemeen is die getalle landelike en stedelike inwoners vir die verskillende gelowe baie dieselfde. Dit is egter betekenisvol dat 'n redelike deel van die bevolking, landelik (35,7%) sowel as stedelik (32,4%), in die kategorie geen kerkverband val. 'n Toenemende beweging weg van kerke en godsdiens is waarneembaar. 'n Redelike persentasie (31,6%) van die distrik se inwoners woon vir tien jaar en meer hier en vorm deel van die gevestigde deel van die bevolking. Die meeste mense woon egter tussen een en nege jaar in die distrik.

## 3.2 Opvoedkundige kenmerke

Bewegingspatrone wat deur die opvoedkundige behoeftes van mense geaktiveer word, vorm 'n belangrike maatstaf om die mate waarin die landelike en stedelike gebied in die Stellenbosch-distrik funksioneel met mekaar geskakel is, te bepaal. Die onderwyspeil in die distrik vir mense 25 jaar en ouer is veral baie laag in die landelike gebied. Ongeveer 29,7% van die landelike inwoners het geen of ongespesifiseerde onderwys en 42,8% het slegs primêre onderwys ontvang. Daarenteen word die stedelike gebied asook distrik gekenmerk deur 'n hoër onderwyspeil. Die grootste deel van die landelike bevolking (72,5%) het 'n laer onderwyspeil en meer as die helfte van die stedelike bevolking (62,4%) het 'n hoër vlak van geskooldheid. Die geletterdheidsvlak van die Afrikaanssprekende bevolking is baie hoog. Heelwat minder landelike inwoners kan Afrikaans lees, praat en skryf (63,9%) teenoor die hoër (83,5%) persentasie wat Afrikaans gebruik as huistaal. Geletterdheid in die stedelike gebied is baie hoog vir Afrikaans (80,1%) en meer as die

helfte van die stedelinge (64,0%) kan Engels lees, praat en skryf. Die tweetalige karakter van die stedelike bevolking kan toegeskryf word aan hul betreklik hoër onderwyspeil.

Vervolgens word gelet op die voorsiening van opvoedkundige fasiliteite in die distrik. Beide die landelike (58,5%) en stedelike (41,5%) gebiede is goed van voorskoolse onderrigfasiliteite voorsien. Weinig skakeling en interaksie sal dus ten opsigte van voorskoolse onderrig plaasvind. Daar is meer primêre onderrigfasiliteite in die stedelike gebied (60,9%) as in die landelike gebied (39,1%). Die ondervoorsiening van fasiliteite in die landelike gebied skep die behoefte vir die gebruik van alternatiewe fasiliteite in die dorp.

Die hoërskole in die distrik is in die stedelike gebied geleë. Omdat geen hoërskole in die landelike gebied voorkom nie, moet elders voorsiening gemaak word vir die landelike leerlinge wat hoërskoolgereed is. Laerskoolleerlinge in die landelike gebied gebruik naburige fasiliteite (hoërskole) wat die maklikste bereikbaar is. Alhoewel hoërskole in ander dorpe ook benut word, word die meerderheid landelike leerlinge in die stedelike hoërskole van Stellenbosch geakkommodeer. Omdat daar geen sekondêre onderrigfasiliteite in die landelike gebied is nie, is die interaksie met Stellenbosch-dorp opvallend in terme van benutting van die dorp se opvoedkundige fasiliteite deur die landelike inwoners. Aangesien beide die landelike en stedelike gebied voorsien is van tersiêre inrigtings, bestaan die moontlikheid vir interaksie en skakeling dus wel. Die verwagting is dat min landelike inwoners die akademiese inrigtings in die stedelike gebied sal gebruik, omdat 'n baie klein deel van eersgenoemde (4,5%) tersiêre kwalifikasies en die grootste deel van dié bevolking 'n lae onderwyspeil het. Ten spyte hiervan speel die ligging van tersiêre inrigtings in die Stellenbosch-distrik 'n belangrike rol in die wedersydse benutting van tersiêre fasiliteite en gevolglik landelik-stedelike interaksie.

## 3.3 Ekonomiese aktiwiteite

Ekonomiese skakels tussen 'n dorp en sy omringende platteland is belangrik in die ondersoek na landelik-stedelike interaksie en konvergering. Vervolgens word gelet op die ekonomiese skakeling wat plaasvind tussen Stellenbosch-dorp en die landelike gebied.

Meer as die helfte (54%) van die bevolking in die distrik is ekonomies onaktief. Dié groep sluit huisvroue, kinders, studente en afgetredenes in. Volgens beroep is landbou/bosbou die ekonomies-aktiewe beroep wat die meeste in die landelike gebied (61,1%) beoefen word, terwyl slegs 2% van die stedelike bevolking beroepe in dié kategorie beoefen. Die hoë persentasie is betekenisvol aangesien landbou-aktiwiteite in die distrik (20,5%) sterk gevestig is. Hierdie landboukundige karakter gee 'n stewige ekonomiese basis aan die Stellenbosch-distrik. Ander bloukraagberoepe wat in die landelike gebied onderneem word, is ambagte (13,2%) en dienste (9,4%). In die stedelike gebied is beroepe in ambagte (18,6%) redelik hoog, gevolg deur witkraagberoepe in die kategorieë klerklik/verkope (16,7%), professioneel/tegnies (16,4%) en dienste (13,3%). Die landelike bevolking is dus meer in primêre beroepe en die stedelinge meer in tersiêre en kwaternête witkraagberoepe betrokke. Die stedelike bevolking het 'n beduidend hoër werkloosheidsyfer (20,1%) as die laer 4,3% in die landelike gebied. Dit bevestig die tendens dat landelike werkloses gewoonlik na die stede migreer op soek na werk en dit dikwels ook nie kry nie.

Die meeste inwoners in die distrik is werksaam in die ekonomiese sektor gemeenskapsdienste (28,1%) gevolg deur landbou/bosbou (22,7%). Hierteenoor is die landelike bevolking meer betrokke in landbou/bosbou (65,4%) en gemeenskapsdienste (14,1%). Die stedelike inwoners werk hoofsaaklik in gemeenskapsdienste (34,4%) en die fabriekswese (17,3%). 'n Baie klein deel (6,5%) van die totale distrik se bevolking is werkgewers. Meer mense is werknemers, met 94,7% in die landelike en 92,9% in die stedelike gebied. Die ietwat hoër persentasie in die landelike gebied is toe te skryf aan die groot aantal plaaswerkers wat in diens van boere op die plase is. Dit is opvallend dat die grootste deel van die werkers in die distrik privaatondernemingswerkgewers (75,5%) het. Die persentasie is nog hoër (89,7%) in die landelike gebied, wat hoofsaaklik bestaan uit plase wat deur boere besit word en dus plaaswerkers in hul diens het.

Die jaarlikse persoonlike inkomste van die ekonomies-aktiewe bevolking in die totale distrik toon dat die grootste deel van die bevolking tussen R1 en R19 999 per jaar verdien. Die meerderheid landelike inwoners (60,1%) verdien tussen R1 en R4 999 per jaar met

slegs 9,8% wat R20 000 en meer verdien. Die verdeling in inkomste is baie ongelyk, met die meeste plattelanders wat onder die broodlyn leef en 'n minderheid wat in die middel tot hoë inkomstegroep is. Die stedelike bevolking se jaarlikse inkomste is heelwat hoër, met 41,1% van die stedelinge wat tussen R5 000 en R19 999 per jaar verdien en 25,3% wat in die middel tot hoë inkomstegroep is. Die stedelike bevolking het dus 'n hoër gemiddelde jaarlikse inkomste as die landelike bevolking. Ten spyte hiervan is die getalle landelike en stedelike inwoners met 'n inkomste R50 000 en meer baie dieselfde. Sosio-ekonomiese profiele wys dus redelike divergensie tussen landelike en stedelike gebiede uit.

Wynverbouing asook groente- en vrugteverbouing vorm die belangrikste ekonomiese komponente in die landelike gebied. Die gebied bestaan basies uit wynplase waarvan sommige ook hul eie wynkelders het. Verskeie plaasstalletjies in die omgewing verkoop vars plaasprodukte en tuisgemaakte artikels en dra sodoende stedelike kleinhandelaktiwiteite die platteland in. Die stedelike gebied van Stellenbosch word weer gekenmerk deur die aanwesigheid van landelik-verwante aktiwiteite. 'n Steenmakery, saagmeule, kaas- en ander fabrieke asook wynkelders is hier aanwesig. Hier word primêre grondstofprodukte verwerk vir die verbruiker. Die dorp is ook 'n sentrale plek of markdorp vir die landelike boerderybevolking met fasiliteite soos supermarkte, banke, teaters, reisagentskappe, klerewinkels, boekwinkels, sportwinkels en ander professionele dienste. Daar bestaan interaktiwiteit tussen die primêre en sekondêre ekonomiese aktiwiteite in die twee gebiede. Die vrugte en groente wat in die landelike gebied gekweek word, word verwerk en bemark in die stedelike gebied. Stedelike landbou in veral die woonbuurt Kaya Mandi en die satellietdorp Jamestown is beduidend. In Kaya Mandi is heelwat groentetuine en in Jamestown is kleinboerdery met aarbeie en groente volop (Uys 1994). Die wynplase in die landelike gebied dien weer as toeristeaantreklikheid vir stedelinge. Tog besoek sommige toeriste wat daarheen gaan ook die dorp. Daar bestaan dus 'n sterk interafhanklikheid tussen die landelike en stedelike gebiede se ekonomiese bedrywighede in die distrik. Toerisme in die stedelike en landelike gebiede word ook op 'n geïntegreerde wyse bestuur. Brosjures en pamflette wat beskikbaar is, stel Stellenbosch-dorp en sy

wynroete saam bekend. Stedelike landbou in veral Kaya Mandi en Jamestown is beduidend.

Al drie supermarkte se segspersone is dit eens dat daar 'n sterk interafhanklikheid tussen die dorp en die platteland in terme van kooppatrone bestaan. Die kleiner winkel/plaaswinkel in die landelike gebied bied 'n kleiu verskeidenheid produkte wat dikwels heelwat duurder is. Landelike inwoners is dus bereid om Stellenbosch toe te reis vir 'n groter verskeidenheid en goedkoper inkopies. Behalwe inkopies wat gedoen word, ontmoet families en vriende mekaar tydens die besoek wat as 't ware dorp en platteland laat saamsmelt. Inkope in die dorp het dus sosiale waarde en is 'n betekenisvolle uitstappie vir die landelike inwoner. Landelike inwoners se ekonomiese inkoopbehoeftes word bevredig en tetselfdertyd is Stellenbosch weer afhanklik van die landelike koopkrag om die ekonomiese basis van die dorp te versterk en aan te vul.

## 4. Samevatting en gevolgtrekking

Volgens bogenoemde resultate is dit duidelik dat die demografie van die landelike en stedelike bevolking taamlik eenders is en 'n konvergeringneiging toon. Daar is wel groter verskille ten opsigte van sosio-ekonomiese kenmerke. Die ooreenkomste tussen die landelike en die stedelike bewoner ten opsigte van bevolkingsgroep, ouderdom, taal, huwelikstatus, geloof, werkstatus en verblyf in Stellenbosch-distrik is opvallend. Landelik-stedelike interaksie ten opsigte van opvoedkundige fasiliteite vind wel plaas en dit lei tot integrering van die landelike en stedelike nedersettingsomgewings. Weens die mindere voorsiening van opvoedkundige fasiliteite in die landelike gebied is die inwoners gedwing om ander stedelike fasiliteite te gebruik.

Kenmerkend van die distrik se landelike gebied is dat die grootste deel van die bevolking betrokke is by landbou-aktiwiteite, die onderwyspeil is laag en die gemiddelde jaarlikse inkomste baie min. Dit aksentueer weer die landelike minder ontwikkelde inwoners teenoor die meer ontwikkelde stedelinge. Die ondersoek na die ekonomiese inkooppatrone van die landelike inwoners het aangetoon dat daar wel beduidende interaksie tussen die landelike en

stedelike gebied is. Daar is 'n sterk landelike koopkrag wat die ekonomiese basis van die dorp versterk. Nie alleen is die landelike bevolking afhanklik van die dorp se winkels nie, maar die dorp het die landelike koopkrag nodig. Behalwe vir die bevolking se inkomste, opvoedingspeil en hul ekonomiese sektor, is die skerp onderskeid tussen die landelike en stedelike inwoners van die verlede in Stellenbosch-distrik besig om te verdof. Dit is daarom belangrik om te herbesin oor die bestaande en toekomstige plaaslike regeringsmodel in die distrik.

Die landelike en stedelike gebied in die Stellenbosch-distrik word deur twee afsonderlike owerhede bestuur. In die lig van die konvergering tussen die twee gebiede, ontstaan die vraag of die twee gebiede nie deur een plaaslike owerheid bestuur moet word nie. Die aanname kan gemaak word dat die sosiale koste van administratiewe besluitneming in die landelike en stedelike gemeenskappe van Stellenbosch beide voor- en nadele inhou. Daar is heelwat ooreenkomste in die struktuur, administrasie en lewering van dienste tussen die Stellenbosch Plaaslike Oorgangsraad en die Wynland Distriksraad. Dit is ook opvallend dat gemeenskapsdienste tans hoofsaaklik geïntegreerd gelewer word vir beide die dorp en die omringende platteland, terwyl owerheidsdienste afsonderlik deur die twee owerhede voorsien word. Die dorp en platteland beweeg dus tog nader aan mekaar en dit sou miskien moontlik wees om die twee owerheidsliggame te integreer sodat een liggaam verantwoordelik is vir dienslewering en bestuur in die distrik. Met die moontlike inlywing van die landelike gebied by Stellenbosch-munisipaliteit sal 'n volledig onafhanklike en lewensvatbare plaaslike owerheid daargestel kon word.

Nieteenstaande bogenoemde getuienis ten gunste van konvergering en integrering, wys Moss (1994) se opname dat die meerderheid van die boeregemeenskap gekant is teen inlywing van die landelike gebied by Stellenbosch munisipaliteit. Om hierdie rede is die Malanmodel[1] (Kaapse Provinsiale Administrasie 1992) dan ook deur die

1 'n Model wat voorstel dat landelike gebiede by plaaslike owerhede inskakel en deur een gesamentlike administrasie bedien word.

boere verwerp. Een van die moontlike redes hiervoor is die vrees dat die boere se belange in 'n geamalgameerde owerheid ondergeskik aan dié van die stedelike bevolking sal wees. Meer inligting in opvolgstudies is dus nodig met betrekking tot die praktiese implikasies van 'n samesmelting tussen die landelike en stedelike owerhede van Stellenbosch.

Regverdig landelik-stedelike interaksie en moontlike konvergering in die distrik 'n geïntegreerde bestuurstelsel? Inlywing kan egter nie sonder die nodige ondersoeke, deelname en deursigtigheid plaasvind nie. Dit sal ook belangrik wees om beide die landelike en stedelike inwoners in 'n vraelysopname en 'n proses van publieke deelname te betrek om hulle persepsies en verwagtinge rondom die moontlikheid van samesmelting van die twee plaaslike owerhede vas te stel. Dorpe en omringende landelike gebiede se situasies verskil soms aansienlik en daar moet dus met die nodige omsigtigheid besluite geneem word oor die vorming van groter plaaslike owerhede deur inlywings. Alhoewel interaksie en gevolglik integrering nie in alle lande, streke, gebiede en gemeenskappe op dieselfde skaal plaasvind nie, lei die interaksie en skakeling tussen landelike en stedelike gebiede tot die konvergering en integrering van die twee tipes gemeenskappe. Tesame hiermee is herorganisasie op plaaslike regeringsvlak 'n onafwendbare situasie. Samesmeltings tussen voorheen etnies gesegregeerde owerhede het alreeds in Suid-Afrika as deel van die herstruktureringsproses plaasgevind. Tot dusver is 'n 'uniforme patroon' van munisipaliteite waarin omringende landelike gebiede by stedelike gebiede ingelyf word, nog nie hier geïmplementeer nie. 'n Rede hiervoor is waarskynlik dat die praktiese implikasies van sodanige inlywings op geografiese, sosiale, ekonomiese, kulturele en funksionele vlak vir beide landelike en stedelike gebiede nog nie ondersoek is nie. Dit is egter nodig dat daar toenemend gelet word op die skakeling tussen landelike en stedelike gebiede ten einde meer koherente en toepaslike regeringsmodelle te ontwikkel.

## Bibliografie

CAWLEY M E
1980. Aspects of rural-urban integration in Western Ireland. *Irish Geography* 13(1): 20-32.

CENTRE FOR DEVELOPMENT AND ENTERPRISE (CDE)
1996. *South Africa's small towns: new strategies for growth and development*. Johannesburg: Centre for Development and Enterprise.

DANIEL P & M HOPKINSON
1989. *The geography of settlement*. Harlow, Essex: Oliver & Boyd.

DEWAR D
1994. Reconstructing the South African countryside: the small towns. *Development Southern Africa* 11(3): 351-62.

HATAYA N
1992. Urban-rural linkage of the labor market in the coffee growing zone in Colombia. *Developing Economies* 30(1): 63-83.

HORNBY W F & M JONES
1991. *An introduction to settlement geography*. New York: Cambridge University Press.

JAMAL V & J WEEKS
1988. The vanishing rural-urban gap in Sub-Saharan Africa. *International Labour Review* 127(3): 271-90.

KAAPSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE
1992. Verslag van die komitee van ondersoek oor die praktiese implikasies van die inlywing van landelike gebiede by die regsgebiede van plaaslike owerhede in Kaapland (Malan-Komitee 2). Kaapstad: KPA.

KARUNANAYAKE M M
1990. Colombo metropolitan region: a study of emerging urban-regional linkages. *Regional Development Dialogue* 11(2): 117-63.

MOSS D
1994. Die impak van verstedeliking op landbou in die Stellenbosch-distrik. Ongepubl navorsingsverslag. Universiteit van Stellenbosch: Dept Geografie.

NEWMAN D & L APPELBAUM
1989. Defining the rurban settlement: planning models and functional realities in Israel. *Urban Geography* 10(3): 281-95.

POTTER R B & T UNWIN
1995. Urban-rural interaction: physical form and political process in the Third World. *Cities* 12(1): 67-73.

POTTER R B & T UNWIN (eds)
1989. *The geography of urban-rural interaction in developing countries*. London: Routledge.

POTTS D
1995. Shall we go home? Increasing urban poverty in African cities and migration processes. *The Geographical Journal* 161(3): 245-64.

RAKODI C
1991. Bookreview of "Small town Africa: studies in rural-urban interaction", edited by J Baker. *Third World Planning Review* 31(1): 100-1.

RAZIN E & S HASSON
1994. Urban-rural boundary conflicts: the reshaping of Israel's rural map. *Journal of Rural Studies* 10(1): 47-59.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
1995. *Urban and rural development strategy of the Government of National Unity*. Pretoria: Government Gazette 16679.

UNITED NATIONS
1996. *The state of world population 1996: population, development and the urban future* 8. New York: UNFPA.

UNWIN T
1989. Urban-rural interaction in developing countries: a theoretical perspective. Potter & Unwin (eds) 1989: 11-32.

UYS J
1994. Informele stedelike landbou: owerheidspersepsies en gevallestudies in die groter Kaapstadomgewing. Ongepubl navorsingsverslag. Universiteit van Stellenbosch: Dept Geografie.

VAN DER MERWE I J
1996. Language related rural-urban differences in South Africa. Paper presented at the 28th International Geographical Congress The Hague, 5-10 Augustus 1996.

WANG M Y L
1997. The disappearing rural-urban boundary — rural socio-economic transformation in the Shenyang-Dalian region of China. *Third World Planning Review* 19(3): 229-49.

ZHIKHAREVICH B S
1991. The role played by agro-recreational activities in the formation of an integral rural-urban environment. *Geoforum* 22(1): 99-103.